Vrydag 14 Augustus
Skrifgedeelte: Matteus 13:18-23
Fokusgedeelte: Matteus 13:23 (AFR83)

## Die wonderlike pad van die Woord

Die gelykenis van die saaier is veral in ons tyd waarin alles op so 'n kragdadige manier gedoen word, 'n aangrypende gelykenis, want watter werker is meer weerloos as juis 'n saaier wat sy saad oor die grond uitstrooi en as't ware weggooi! In dieselfde asem moet 'n mens egter ook vra wat is meer dinamies en 'n wonder van lewe as saaiwerk, dat saad, hoe groot of klein dit ook mag wees, in die grond kan ontkiem en lewe en 'n oes lewer – met saad wat iewers op 'n rak lê, gebeur daar niks nie! Daarom is die gelykenis van die saaier 'n belangrike gelykenis en 'n belangrike sleutel om die geheimenis van die koninkryk te verstaan.

In die verklaring van die gelykenis bring die Here Jesus 'n paar baie belangrike sake aan die lig op so 'n manier dat dit 'n mens in die hart gryp. Eerstens die rol van die bose wat die saad wat in mense se harte gesaai is, eenvoudig wegvat soos voëltjies wat saad oppik wat op die grond lê. Die probleem is nie by die saad nie, maar by die feit dat die saad op die grond gebly het. Die waarde en krag van die saad blyk eers by die saad wat in die goeie grond geval het. Dán is dit bo alle twyfel duidelik hoe wonderlik en vol lewe die saad inderdaad is!

Die ander twee voorbeelde van waar die gesaaide saad geval het, naamlik op die klipbanke en tussen die dorings, bring weer op 'n onweerlegbare manier mense se verantwoordelikheid aan die lig. Om die saad nie by jou te laat *wortel skiet* nie – by die een oor in en by die ander oor uit – dis geestelik gesproke lewensgevaarlik en gaan maak dat daar niks van die saad kom nie. Dieselfde geld van die bekommernisse in die lewe en die verleidelikhede: soos onkruid oorgroei en verstik dit die saad en kom daar niks van die saad nie.

Daarom is die pad van die Woord 'n geweldige slagveld waar die bose opvallende sukses behaal én die soeklig baie skerp op 'n mens se verantwoordelikheid en aanspreeklikheid val en tegelyk die lewenskragtigheid van die saad bo alle twyfel uitstaan: van honderdvoudig tot dertigvoudig, wat steeds baie is. Voorwaar 'n slagveld waar baie dinge gebeur!

*Sing: Psalm 119-1:51*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*